# Ongeouditeerde finansiële resultate

## vir die ses maande geëindig 31 Augustus 2010

CAPITEC BANK HOLDINGS LIMITED

Wesensverdienste (Rm)




Aandeelhouersfondse (Rm)




Bruto leningsboek (Rm)




Kliënte ('000)




- **Wesensverdienste per aandeel styg met 58% tot 340 sent**
- **Tussentydse dividend per aandeel 85 sent**
- **Opbrengs op ekwiteit 34%**
- **Aktiewe kliënte 2.5 miljoen**
- **Aandeelhouersfondse R1.9 miljard**

## SLEUTELAANWYSERS

| | | Ses maande geëindig Augustus 2010 | Ses maande geëindig Augustus 2009 | Groei % | Jaar geëindig Februarie 2010 |
|---|---|---|---|---|---|
| **Winsgewendheid** | | | | | |
| Inkomste uit bankbedrywighede | Rm | 1 696 | 1 163 | 46 | 2 556 |
| Netto slegteskuld-onkoste | Rm | (403) | (258) | 56 | (548) |
| Bankverwante bedryfsuitgawes | Rm | (873) | (637) | 37 | (1 368) |
| Nie-bankverwante bedrywighede | Rm | – | 2 | | 2 |
| Belasting | Rm | (131) | (84) | 55 | (193) |
| Voorkeurdividend | Rm | (6) | (8) | (15) | (14) |
| Verdienste toeskryfbaar aan gewone aandeelhouers | | | | | |
| Basiese | Rm | 283 | 178 | 59 | 435 |
| Wesens- | Rm | 284 | 178 | 59 | 437 |
| Koste-tot-inkomste-verhouding – bankbedrywighede | % | 51 | 55 | | 54 |
| Opbrengs op gewone aandeelhouersekwiteit | % | 34 | 28 | | 32 |
| Verdienste per aandeel | | | | | |
| Toeskryfbare | sent | 339 | 215 | 58 | 525 |
| Wesens- | sent | 340 | 215 | 58 | 527 |
| Verwaterde toeskryfbare | sent | 325 | 211 | 54 | 509 |
| Verwaterde wesens- | sent | 327 | 211 | 55 | 511 |
| Dividende per aandeel | | | | | |
| Tussentydse | sent | 85 | 55 | | 55 |
| Finale | sent | | | | 155 |
| Totale | sent | | | | 210 |
| Dividenddekking | X | 4.0 | 3.9 | | 2.5 |
| **Bates** | | | | | |
| Totale bates | Rm | 10 997 | 6 536 | 68 | 9 488 |
| Netto lenings en voorskotte | Rm | 7 244 | 3 680 | 97 | 5 225 |
| Kontant en kontantekwivalente | Rm | 2 086 | 2 234 | (7) | 2 567 |
| Beleggings | Rm | 1 199 | 282 | 325 | 1 306 |
| Ander | Rm | 468 | 340 | 38 | 390 |
| **Laste** | | | | | |
| Totale laste | Rm | 9 062 | 5 031 | 80 | 7 760 |
| Deposito's | Rm | 8 599 | 4 699 | 83 | 7 360 |
| Ander | Rm | 463 | 332 | 39 | 400 |
| **Ekwiteit** | | | | | |
| Aandeelhouersfondse | Rm | 1 935 | 1 505 | 29 | 1 728 |
| Kapitaaltoereikendheidsverhouding | % | 32 | 36 | | 37 |
| Netto batewaarde per gewone aandeel | sent | 2 117 | 1 627 | 30 | 1 896 |
| Aandeelprys | sent | 13 350 | 5 500 | 143 | 8 200 |
| Markkapitalisasie | Rm | 11 230 | 4 564 | 146 | 6 805 |
| Aantal uitgereikte aandele | '000 | 84 122 | 82 983 | 1 | 82 983 |
| Aandeelopsies | | | | | |
| Aantal uitstaande | '000 | 4 932 | 5 412 | (9) | 5 322 |
| Aantal uitstaande tot uitgereikte aandele | % | 6 | 7 | | 6 |
| Gemiddelde uitoefenprys | sent | 3 470 | 2 837 | 22 | 2 888 |
| Gemiddelde termyn tot vervaldag | maande | 25 | 29 | (14) | 24 |
| **Bedrywighede** | | | | | |
| Takke | | 422 | 371 | 14 | 401 |
| Werknemers | | 4 726 | 3 804 | 24 | 4 154 |
| Aktiewe kliënte | '000 | 2 494 | 1 762 | 42 | 2 122 |
| OTM'e | | | | | |
| Eie | | 439 | 385 | 14 | 417 |
| Vennootskap | | 939 | 668 | 41 | 821 |
| Kapitaalbesteding | Rm | 145 | 61 | 138 | 149 |
| **Verkope** | | | | | |
| **Lenings** | | | | | |
| Waarde van lenings toegestaan | Rm | 6 385 | 3 684 | 73 | 8 645 |
| Aantal lenings toegestaan | '000 | 2 615 | 1 793 | 46 | 3 861 |
| Gemiddelde leningsbedrag | R | 2 442 | 2 054 | 19 | 2 239 |
| Bruto lenings en voorskotte | Rm | 7 796 | 3 958 | 97 | 5 607 |
| Agterstallige lenings | Rm | 361 | 299 | 21 | 350 |
| Agterstallige lenings tot bruto lenings en voorskotte | % | 4.6 | 7.6 | | 6.2 |
| Voorsiening vir twyfelagtige skulde | Rm | 552 | 278 | 99 | 382 |
| Voorsiening vir twyfelagtige skuld tot bruto lenings en voorskotte | % | 7.1 | 7.0 | | 6.8 |
| Dekkingsverhouding op agterstalligheid | % | 153 | 93 | | 109 |
| Leningsinkomste | Rm | 1 728 | 1 175 | 47 | 2 603 |
| Leningsinkomste tot gemiddelde bruto lenings en voorskotte | % | 25.8 | 32.7 | | 58.9 |
| Bruto slegteskuld-onkoste | Rm | 447 | 294 | 52 | 620 |
| Verhalings | Rm | 44 | 36 | 22 | 72 |
| Netto slegteskuld-onkoste | Rm | 403 | 258 | 56 | 548 |
| Netto slegteskuld-onkoste tot leningsinkomste | % | 23.3 | 22.0 | | 21.1 |
| Netto slegteskuld-onkoste tot gemiddelde bruto lenings en voorskotte | % | 6.0 | 7.2 | | 12.4 |
| Netto slegteskuld-onkoste tot paaimente veskuldig | % | 7.2 | 7.2 | | 6.6 |
| **Deposito's** | | | | | |
| Groothandelsdeposito's | Rm | 3 608 | 2 157 | 67 | 3 669 |
| Lopende kleinhandelspaarrekeninge | Rm | 3 040 | 1 582 | 92 | 2 346 |
| Vastetermyn kleinhandelspaarrekeninge | Rm | 1 874 | 800 | 134 | 1 148 |
| Netto transaksiefooi-inkomste | Rm | 235 | 126 | 87 | 295 |

## GROEPBALANSSTAAT

| | Ongeouditeer Augustus 2010 R'000 | Ongeouditeer Augustus 2009 R'000 | Groei % | Geouditeer Februarie 2010 R'000 |
|---|---|---|---|---|
| **Bates** | | | | |
| Kontant en kontantekwivalente | 2 085 502 | 2 233 903 | (7) | 2 566 588 |
| Beleggings teen markwaarde deur wins of verlies | 1 199 274 | 282 169 | 325 | 1 306 298 |
| Lenings en voorskotte aan kliënte | 7 244 385 | 3 680 300 | 97 | 5 225 139 |
| Voorraad | 22 697 | 23 466 | (3) | 26 067 |
| Ander debiteure | 37 159 | 28 206 | 32 | 41 127 |
| Eiendom en toerusting | 357 073 | 247 697 | 44 | 281 610 |
| Ontasbare bates | 32 854 | 28 567 | 15 | 22 211 |
| Uitgestelde inkomstebelastingbates | 17 848 | 11 757 | 52 | 19 183 |
| **Totale bates** | 10 996 792 | 6 536 065 | 68 | 9 488 223 |
| **Laste** | | | | |
| Lenings en deposito's teen geamortiseerde koste | 8 599 271 | 4 698 761 | 83 | 7 360 325 |
| Handels- en ander krediteure | 422 358 | 254 566 | 66 | 358 352 |
| Lopende inkomstebelastinglaste | 28 312 | 77 487 | (63) | 34 452 |
| Voorsienings | 11 693 | – | | 7 117 |
| **Totale laste** | 9 061 634 | 5 030 814 | 80 | 7 760 246 |
| **Ekwiteit** | | | | |
| Gewone aandelekapitaal en -premie | 796 852 | 682 219 | 17 | 682 219 |
| Kontantvloei-verskansingsreserwe | (10 882) | (21 127) | (48) | (15 839) |
| Behoue verdienste | 994 582 | 689 553 | 44 | 906 991 |
| Aandelekapitaal en reserwes toeskryfbaar aan gewone aandeelhouers | 1 780 552 | 1 350 645 | 32 | 1 573 371 |
| Nie-aflosbare, nie-kumulatiewe, nie-deelnemende voorkeuraandelekapitaal en -premie | 154 606 | 154 606 | – | 154 606 |
| **Totale ekwiteit** | 1 935 158 | 1 505 251 | 29 | 1 727 977 |
| **Totale ekwiteit en laste** | 10 996 792 | 6 536 065 | 68 | 9 488 223 |

## GROEPINKOMSTESTAAT

| | Ongeouditeer Ses maande geëindig Augustus 2010 R'000 | Ongeouditeer Ses maande geëindig Augustus 2009 R'000 | Groei % | Geouditeer Jaar geëindig Februarie 2010 R'000 |
|---|---|---|---|---|
| Rente-inkomste | 1 267 576 | 780 310 | 62 | 1 763 966 |
| Rente-uitgawe | (353 389) | (204 581) | 73 | (490 636) |
| **Netto rente-inkomste** | 914 187 | 575 729 | 59 | 1 273 330 |
| Leningsfooi-inkomste | 607 145 | 480 498 | 26 | 1 038 905 |
| Leningsfooi-uitgawe | (59 521) | (20 510) | 190 | (52 706) |
| Transaksiefooi-inkomste | 389 321 | 212 314 | 83 | 507 438 |
| Transaksiefooi-uitgawe | (154 175) | (85 868) | 80 | (212 064) |
| **Netto fooi-inkomste** | 782 770 | 586 434 | 33 | 1 281 573 |
| Dividendinkomste | 540 | 485 | 11 | 519 |
| Netto slegteskuld-onkoste op lenings en voorskotte aan kliënte | (403 089) | (257 718) | 56 | (547 731) |
| Netto beweging in finansiële instrumente teen markwaarde getoon deur wins of verlies | (382) | (50) | | 1 011 |
| **Nie-bankverwante bruto wins** | 11 230 | 10 789 | 4 | 20 750 |
| Nie-bankverwante verkope | 111 903 | 108 866 | 3 | 208 604 |
| Nie-bankverwante koste van verkope | (100 673) | (98 077) | 3 | (187 854) |
| Ander inkomste | 2 | 41 | (95) | 43 |
| **Inkomste uit bedrywighede** | 1 305 258 | 915 710 | 43 | 2 029 495 |
| Bankverwante bedryfsuitgawes | (873 214) | (637 138) | 37 | (1 368 324) |
| Nie-bankverwante bedryfsuitgawes | (11 192) | (8 419) | 33 | (18 815) |
| **Bedryfswins voor belasting** | 420 852 | 270 153 | 56 | 642 356 |
| Inkomstebelastinguitgawe | (131 126) | (84 429) | 55 | (193 132) |
| **Wins vir die tydperk** | 289 726 | 185 724 | 56 | 449 224 |
| **Verdienste per aandeel (sent)** | | | | |
| Basiese | 339 | 215 | 58 | 525 |
| Verwaterde | 325 | 211 | 54 | 509 |

## REKONSILIASIE TUSSEN TOESKRYFBARE VERDIENSTE EN WESENSVERDIENSTE

| | Ongeouditeer Ses maande geëindig Augustus 2010 R'000 | Ongeouditeer Ses maande geëindig Augustus 2009 R'000 | Groei % | Geouditeer Jaar geëindig Februarie 2010 R'000 |
|---|---|---|---|---|
| **Wins vir die tydperk** | 289 726 | 185 724 | 56 | 449 224 |
| Minus voorkeurdividend | (6 411) | (7 586) | (15) | (14 163) |
| **Netto wins toeskryfbaar aan gewone aandeelhouers** | 283 315 | 178 138 | 59 | 435 061 |
| Items uitgesluit van wesensverdienste | | | | |
| Verlies met verkoop van bates | 1 478 | 214 | | 2 287 |
| Inkomstebelastingeffek | (413) | (47) | | (640) |
| **Wesensverdienste** | 284 380 | 178 305 | 59 | 436 708 |

## GROEPSTAAT VAN OMVATTENDE INKOMSTE

| | Ongeouditeer Ses maande geëindig Augustus 2010 R'000 | Ongeouditeer Ses maande geëindig Augustus 2009 R'000 | Groei % | Geouditeer Jaar geëindig Februarie 2010 R'000 |
|---|---|---|---|---|
| **Wins vir die tydperk** | 289 726 | 185 724 | 56 | 449 224 |
| Ander omvattende inkomste vir die tydperk na belasting | 4 957 | 2 746 | 81 | 8 034 |
| Kontantvloeiverskansing voor belasting | 6 885 | 3 814 | 81 | 11 158 |
| Inkomstebelastingeffek | (1 928) | (1 068) | 81 | (3 124) |
| **Totale omvattende inkomste vir die tydperk** | 294 683 | 188 470 | 56 | 457 258 |

## GROEPSTAAT VAN VERANDERINGS IN EKWITEIT

| | Ongeouditeer Ses maande geëindig Augustus 2010 R'000 | Ongeouditeer Ses maande geëindig Augustus 2009 R'000 | Geouditeer Jaar geëindig Februarie 2010 R'000 |
|---|---|---|---|
| **Ekwiteit aan die begin van die tydperk** | 1 727 977 | 1 406 201 | 1 406 201 |
| Netto wins vir die tydperk | 289 726 | 185 724 | 449 224 |
| Kontantvloeiverskansing na belasting | 4 957 | 2 746 | 8 034 |
| Gewone dividend | (130 308) | (91 281) | (136 921) |
| Voorkeurdividend | (6 411) | (7 586) | (14 163) |
| Aandeelgebaseerde werknemerkoste | 5 902 | 5 040 | 12 186 |
| Aandele uitgereik en verkry vir werknemeraandeelopsies teen kosprys | (3 973) | (11 243) | (12 591) |
| Gerealiseerde verlies met vereffening van werknemer-aandeelopsies minus deelnemers se bydraes | 21 184 | 14 693 | 16 538 |
| Belastingeffek met vereffening van aandeelopsies | 26 161 | 982 | (506) |
| Aandeeluitreikingskoste | (57) | (25) | (25) |
| **Ekwiteit aan die einde van die tydperk** | 1 935 158 | 1 505 251 | 1 727 977 |

## GROEPKONTANTVLOEISTAAT

| | Ongeouditeer Ses maande geëindig Augustus 2010 R'000 | Ongeouditeer Ses maande geëindig Augustus 2009 R'000 | Geouditeer Jaar geëindig Februarie 2010 R'000 |
|---|---|---|---|
| Kontantvloei uit bedryfsaktiwiteite | (322 777) | 1 010 700 | 2 504 635 |
| Kontantvloei uit beleggingsaktiwiteite | (38 578) | (193 422) | (1 302 307) |
| Kontantvloei uit finansieringsaktiwiteite | (119 731) | (97 364) | (149 729) |
| Netto (afname)/toename in kontant en kontantekwivalente | (481 086) | 719 914 | 1 052 599 |
| Kontant en kontantekwivalente aan die begin van die tydperk | 2 566 588 | 1 513 989 | 1 513 989 |
| **Kontant en kontantekwivalente aan die einde van die tydperk** | 2 085 502 | 2 233 903 | 2 566 588 |

## VERPLIGTINGE

| | Ongeouditeer Augustus 2010 R'000 | Ongeouditeer Augustus 2009 R'000 | Geouditeer Februarie 2010 R'000 |
|---|---|---|---|
| Kapitaalverpligtinge goedgekeur deur die direksie | | | |
| Gekontrakteer | 14 557 | 30 314 | 41 510 |
| Ongekontrakteer | 184 871 | 142 161 | 287 961 |
| Bedryfshuurverpligtinge | | | |
| Toekomstige totale minimum bruikhuurbetalings | | | |
| Binne een jaar | 115 525 | 98 621 | 105 086 |
| Van een tot vyf jaar | 299 722 | 255 406 | 267 967 |
| Na vyf jaar | 33 364 | 21 423 | 18 566 |
| Totale toekomstige kontantvloei | 448 611 | 375 450 | 391 619 |
| Reguitlyn voorsiening | (22 381) | (17 050) | (19 778) |
| Toekomstige uitgawes | 426 230 | 358 400 | 371 841 |

## SEGMENTINLIGTING

| | Banksake R'000 | Groothandels-verspreiding R'000 | Intra-segment R'000 | Totaal R'000 |
|---|---|---|---|---|
| **Ongeouditeerde ses maande geëindig Augustus 2010** | | | | |
| Segmentinkomste | 2 264 990 | 111 903 | (406) | 2 376 487 |
| Segmentverdienste na belasting | 290 239 | (513) | – | 289 726 |
| **Ongeouditeerde ses maande geëindig Augustus 2009** | | | | |
| Segmentinkomste | 1 473 648 | 108 866 | (320) | 1 582 194 |
| Segmentverdienste na belasting | 183 514 | 2 210 | – | 185 724 |
| **Geouditeerde jaar geëindig Februarie 2010** | | | | |
| Segmentinkomste | 3 311 532 | 208 604 | (661) | 3 519 475 |
| Segmentverdienste na belasting | 448 205 | 1 019 | – | 449 224 |

Die groep het twee bedryfsegmente wat binne die Republiek van Suid-Afrika sake doen.

Die groothandelsverspreiding-segment se bydrae tot waardevermindering, amortisasie, rente-uitgawes en ander nie-kontantitems is nie wesenlik nie.

**Capitec Bank bied vereenvoudigde alledaagse geldbestuur**

Capitec Bank bied innoverende transaksie-, spaar- en leningsprodukte om aan die behoeftes van alle Suid-Afrikaners te voldoen. Gedurende die ses maande tot 31 Augustus 2010 het ons besigheid steeds gegroei soos ons meer kliënte gewerf het. Capitec Bank bedryf tans 422 takke wat regoor Suid-Afrika geleë is, en bedien 2.5 miljoen aktiewe kliënte.

**Opsomming van resultate**

Verdienste vir die ses maande het met 59% tot R283 miljoen gestyg.

Inkomste uit bankbedrywighede het sedert die ses maande tot einde Februarie 2010 met 22% tot R1.7 miljard toegeneem. Vergeleke met die ses maande tot einde Augustus 2009 was die styging 46%.

Lenings ter waarde van R6.4 miljard is toegestaan – 73% meer as in die ses maande geëindig Augustus 2009. Dit verteenwoordig 'n styging van 29% teenoor die sesmaandetydperk tot Februarie 2010. Verkope van produkte met termyne van langer as 12 maande het 75% van die toename in die waarde van lenings wat toegestaan is bygedra vergeleke met die ses maande tot einde Augustus 2009. Verkope van hierdie produkte het 54% van totale verkope verteenwoordig, vergeleke met 39% vir die eerste ses maande van die 2010 finansiële jaar. Die 48-maande leningsproduk wat in November 2009 bekend gestel is, het 'n beduidende bydrae tot die groei in verkope gelewer.

Netto leningsinkomste het tot R1.7 miljard gestyg, teenoor die R1.4 miljard vir die ses maande tot einde Februarie 2010 en R1.2 miljard vir die ses maande tot einde Augustus 2009. Leningsinkomste bestaan uit rente, aanvangsfooie en maandelikse administrasiefooie na aftrekking van leningsfooi-onkoste. Die groei van 47% in leningsinkomste vergeleke met die ses maande tot einde Augustus 2009 is laer as die groei in verkope. Dit is te wagte, gegewe die toename in die verkope van lenings met langer termyne en hoër waardes, omdat opbrengste op hierdie lenings laer is. Die verskuiwing van verkope na produkte met langer termyne het egter 'n positiewe uitwerking op die annuïteitsinkomste wat uit rente en leningsfooie verkry word. Gevolglik het rente-inkomste op lenings met 65% gegroei teenoor die ses maande tot einde Augustus 2009.

Netto inkomste uit transaksiefooie het met 87% in vergelyking met die ses maande geëindig Augustus 2009 tot R235 miljoen toegeneem. Dit is 'n styging van 39% in vergelyking met die ses maande tot einde Februarie 2010. Netto inkomste uit transaksiefooie het 27% van die bankverwante bedryfsuitgawes vir die ses maande gedek, teenoor 20% vir die ses maande geëindig Augustus 2009. Transaksievolumes neem toe, namate die aantal bankkliënte steeds aangroei.

Die koste-tot-inkomste-verhouding het gedaal tot 51%, vanaf 52% vir die ses maande tot einde Februarie 2010 en 55% vir die ses maande tot einde Augustus 2009. Die styging van 46% in inkomste uit bankbedrywighede het die toename van 37% in bedryfsuitgawes in vergelyking met die ses maande tot einde Augustus 2009 oortref. Die kostevoordeel van die tegnologie en innoverende prosesse wat in die onderneming toegepas word, word steeds waargeneem. Bedryfsbesteding het toegeneem as gevolg van die groei in die taknetwerk – van 371 takke aan die einde van Augustus 2009 tot 422 takke teen einde Augustus 2010. Werknemerskoste maak 55% van bedryfsuitgawes uit, teenoor 51% vir die ses maande tot einde Augustus 2009 (sien die afdeling oor werknemerkoste hieronder).

**Leningsboek, agterstallige lenings en slegte skulde**

Die bruto leningsboek het met 39% gegroei sedert Februarie 2010, en met 97% sedert Augustus 2009, tot R7.8 miljard. Lenings met 'n termyn van langer as 12 maande maak 83% van die bruto leningsboek uit, teenoor 72% aan die einde van Augustus 2009 en 78% aan die einde van Februarie 2010.

Hoewel die bruto leningsboek met R3.8 miljard gegroei het sedert Augustus 2009, het agterstallige lenings slegs met R62 miljoen gestyg. Agterstallige lenings tot bruto lenings en voorskotte het gedaal vanaf 7.6% aan die einde van Augustus 2009 en 6.2% aan die einde van Februarie 2010 na 4.6% aan die einde van Augustus 2010, danksy die volgehoue fokus op kredietverleningskriteria en invorderings, asook die feit dat lenings met langer termyne oor die algemeen 'n laer risiko van agterstalligheid inhou.

Die impak wat die onlangse stakings deur staatsdienswerkers en ander vakbonde in die komende maande op wanbetalingskoerse sal hê, is 'n kwelpunt wat aangespreek is deur die versterking van die aannames wat gebruik word om die voorsiening vir twyfelagtige skuld te bepaal. Bestuur het ook die impak van die aansienlike groei in langer termyn produkte, waar beperkte geskiedenis beskikbaar is, aangespreek deur die gebruik van omsigtige voorsieningsaannames. Die voorsiening vir twyfelagtige skulde as 'n persentasie van die bruto leningsboek het tot 7.1% gestyg vanaf 7.0% in Augustus 2009 en 6.8% in Februarie 2010.

Die netto slegteskuld-onkoste vir die ses maande het gestyg tot R403 miljoen, in vergelyking met R258 miljoen vir die ses maande tot einde Augustus 2009. Verhalings het van R36 miljoen tot R44 miljoen toegeneem. Verhalings behoort die stygende tendens voort te sit, aangesien die waarde van oorhandigde lenings saam met die leningsboek en hoër leningswaardes toeneem.

Die bruto slegteskuld-onkoste (voor verhalings) vir die ses maande het gestyg tot R447 miljoen, vanaf R294 miljoen vir die ooreenstemmende tydperk in die 2010 finansiële jaar. Die toename sluit R321 miljoen as gevolg van groei in die leningsboek in. Die bruto slegteskuld-onkoste voor boekgroei het gedaal met R163 miljoen danksy 'n afname in wanbetalings en met R5 miljoen as gevolg van die addisionele waardasie wat op oorhandigde lenings geplaas is.

Die bruto slegteskuld-onkoste (voor verhalings) vir die ses maande het gestyg met R121 miljoen, vergeleke met die onkoste van R326 miljoen vir die ses maande tot einde Februarie 2010. Hierdie verhoging sluit 'n styging van R222 miljoen as gevolg van groei in die leningsboek in. Die bruto slegteskuld-onkoste voor boekgroei het gedaal met R96 miljoen danksy 'n afname in wanbetalings en met R5 miljoen as gevolg van die addisionele waardasie wat op oorhandigde lenings geplaas is.

Die slegteskuld-onkoste as 'n persentasie van paaiemente, volgens produk, het soos volg met verlede jaar vergelyk:

| | Augustus 2010 % | Februarie 2010 % | Augustus 2009 % |
|---|---|---|---|
| 1 maand | 1.2 | 1.4 | 1.7 |
| 3 maande | 3.1 | 3.8 | 3.3 |
| 6 maande | 4.1 | 5.2 | 6.1 |
| 12 maande | 9.2 | 10.9 | 11.7 |
| 18 maande | 10.4 | 10.8 | 12.0 |
| 24 maande | 12.3 | 11.5 | 12.4 |
| 36 maande | 13.2 | 14.4 | 19.4 |
| 48 maande | 40.3 | 50.8 | – |
| Geweegde gemiddelde | 8.0 | 7.5 | 8.2 |
| Verhalings | (0.8) | (0.9) | (1.0) |
| Netto slegte skulde | 7.2 | 6.6 | 7.2 |

Die slegteskuldkoste word met behulp van beskikbare historiese data op leningsprodukte bereken om 'n agterstalligheidsgrafiek te verkry. Die impak van 'n onbetaalde paaiement op 'n langertermynlening is groter aan die begin van die leningterugbetalingstydperk, aangesien die volle leningsbedrag aan risiko blootgestel kan wees. Die voorsiening, as 'n persentasie van paaiemente, is dus hoër vir 'n nuwe en groeiende leningsboek. Mettertyd keer elke nuwe produk terug na 'n beraambare verspreiding. Die slegteskuld-onkoste van 36-maandelenings toon hierdie tendens. Die slegteskuld-vlak op 36-maandelenings behoort verder te daal namate die produk sy siklus voltooi. Die produk is tans 34 maande oud, maar die gemiddelde ouderdom van lenings op hierdie boek is slegs 22 maande. Die gemiddelde ouderdom van lenings op die 48-maandeleningsboek is ses maande, hoewel die produk tans 10 maande oud is.

Die beste manier om agterstallige bedrae en slegte skuld op korttermynprodukte te meet, is teenoor verskuldigde paaiemente en nie uitstaande saldo's nie, omdat 'n groot deel van die korttermynlenings voor die maand- of jaareinde terugbetaal word en dus nie op die balansstaat verskyn nie. Berekeninge wat op die uitstaande saldo berus, verwring dus hierdie verhouding op korttermynprodukte.

**Werknemerkoste**

Werknemerskoste het R156 miljoen (66%) van die styging in bedryfsuitgawes in vergelyking met die ses maande geëindig Augustus 2009 uitgemaak en het met R124 miljoen gestyg in vergelyking met die ses maande tot einde Februarie 2010. Werknemergetalle het met 922 (24%) gestyg sedert Augustus 2009, en sedert Februarie 2010 met 572 (14%) toegeneem. Die toename in vergoeding sluit 'n voorsiening in vir 'n aansporing vir alle werknemers van Capitec Bank volgens 'n skema wat op groei in wesensverdienste gegrond is, asook bestuursaansporings en aandeelgebaseerde betalings.

In finansiële jare voor 2009 het uitvoerende en senior bestuur aan 'n aandeelopsieskema deelgeneem wat in ekwiteit vereffenbaar was. Sedert die 2009 finansiële jaar het die skema in gelyke verhoudings uit aandeelgroei-regte wat in kontant vereffen word en aandeelopsies bestaan. Vanaf die 2010 finansiële jaar word die skema tot strategiese bestuur beperk, terwyl senior bestuur vir 'n kontantvereffenbare prestasiebonusskema kwalifiseer. Hierdie skema beloon bestuurders op grond van die groei in wesensverdienste, en om bestuur aan te moedig om deurlopend 'n langtermynbenadering te volg, word die bedrag oor 'n driejaartydperk uitbetaal.

Bestuursaansporingskemas het R63 miljoen tot die toename in vergoedingskoste bygedra. Die koste van die aandeelgroei-regte maak 'n beduidende persentasie hiervan uit. Die toename in hierdie uitgawe is in ooreenstemming met die styging in die aandeelprys, wat van R55.00 per aandeel aan die einde van Augustus 2009 gestyg het tot R133.50 aan die einde van Augustus 2010. Die aandeelopsie-uitgawe word op groepvlak in ekwiteit vereffen, maar het beduidend toegeneem in Capitec Bank, waar dit kontantvereffenbaar is.

**Befondsing**

Lopende kleinhandelspaarrekeninge het tot R3.0 miljard gestyg, vanaf R1.6 miljard aan die einde van Augustus 2009 en R2.3 miljard aan die einde van Februarie 2010. Die toename weerspieël die groei in kliëntegetalle asook 'n toename in die gemiddelde spaarsaldo.

Vastetermyn kleinhandelspaarrekeninge het tot R1.9 miljard aangegroei, wat 134% hoër is as die saldo aan die einde van Augustus 2009. Die saldo het met R726 miljoen toegeneem vanaf Februarie 2010. Kleinhandel-vastetermynbefondsing maak 34% van totale (kleinhandel- en groothandel-) termynbefondsing uit, teenoor 27% aan die einde van Augustus 2009. Kleinhandel vaste spaartermyne strek tot 60 maande, teen mededingende rentekoerse.

Groothandelsdeposito's het met R1.5 miljard tot R3.6 miljard toegeneem op 'n jaar-tot-jaar-grondslag. Tussen Augustus 2009 en Augustus 2010 is groothandelsbefondsing deur die program vir binnelandse mediumtermyn-effekte-uitgifte ten bedrae van R1.2 miljard, asook deur buitelandse en plaaslike bilaterale befondsingsooreenkomste, verkry. Die termyn van die befondsing wat verkry is, wissel van drie jaar tot 12 jaar.

Die kombinasie van befondsing tot die beskikking van die besigheid maak dit moontlik om likiditeit konserwatief te bestuur en verseker dat befondsing nie groei belemmer nie. Dit sou op 31 Augustus 2010 en gemiddeld gedurende die hele ses maande moontlik gewees het om alle deposito's vereffenbaar binne een dag terug te betaal.

Die groei in befondsing het gelei tot 'n jaar-tot-jaar-toename van R149 miljoen in die rente-uitgawe tot R353 miljoen. Surplusbefondsing is in skatkiswissels, skuldbriewe en geldmarkinstrumente belê om die netto drakoste tot die minimum te beperk. Dit het gelei tot 'n toename in beleggings tot R1.2 miljard vanaf R0.3 miljard in Augustus 2009. Rente ontvang op kontant en beleggings het vergeleke met die ses maande geëindig Augustus 2009 met R25 miljoen gestyg.

**Kapitaal**

Die risikogeweegde kapitaaltoereikendheidsverhouding is 32% vergeleke met 36% aan die einde van Augustus 2009 en 37% aan die einde van Februarie 2010. Die daling in die kapitaaltoereikendheidsverhouding is hoofsaaklik toe te skryf aan die styging in risikogeweegde bates wat uit die groei in die leningsboek voortgespruit het. Die kapitaaltoereikendheidsverhouding bly ver bo die vereiste minimum vlak.

Die openbaarmaking ingevolge Regulasie 43 van die Bankwet is op die Capitec Bank webwerf beskikbaar.

Die opbrengs op gewone aandeelhouersekwiteit het tot 34% gestyg, vergeleke met 28% vir die ses maande tot einde Augustus 2009 en 32% vir jaar tot einde Februarie 2010.

**Vooruitsigte**

Ons sal voortgaan om nuwe takke oop te maak, meer kliënte te werf, ons leningsboek te groei, en kapitaalvereistes te bestuur.

**Tussentydse dividend**

Die direkteure het op 29 September 2010 'n tussentydse gewone dividend van 85 sent per aandeel goedgekeur. Die dividend sal op Maandag 6 Desember 2010 betaalbaar wees.

| | |
|---|---|
| Laaste dag vir verhandeling met dividend | Vrydag, 26 November 2010 |
| Verhandeling sonder dividend begin | Maandag, 29 November 2010 |
| Rekorddatum | Vrydag, 3 Desember 2010 |
| Betaaldatum | Maandag, 6 Desember 2010 |

Aandelesertifikate kan nie tussen Maandag, 29 November 2010 en Vrydag, 3 Desember 2010, albei dae ingesluit, gedematerialiseer of gerematerialiseer word nie.

**Tussentydse finansiële verslae**

Die verkorte gekonsolideerde tussentydse finansiële state word in ooreenstemming met IAS 34 – *Tussentydse Finansiële Verslagdoening* opgestel. Die rekeningkundige beleid voldoen aan IFRS en stem ooreen met die beleid wat in die vorige jaar gebruik is.

Namens die direksie

**Michiel le Roux**
*Voorsitter*

**Riaan Stassen**
*Hoof uitvoerende beampte*

Stellenbosch
29 September 2010


**Maatskappysekretaris en geregistreerde kantoor**

Christian George van Schalkwyk
BComm, LLB, GR(SA)
Quantumstraat 1, Tegnopark,
Stellenbosch 7600
Posbus 12451, Die Boord,
Stellenbosch 7613

**Oordragsekretaris**

Computershare Investor Services
(Edms) Beperk
(Registrasienommer: 2004/003647/07)
Grondverdieping, Marshallstraat 70,
Johannesburg 2001
Posbus 61051, Marshalltown 2107


**Borg**

PSG Capital (Edms) Beperk (Registrasienommer: 2006/015817/07)

**Direkteure**

MS du P le Roux (Voorsitter), R Stassen (HUB)*, AP du Plessis (FD)*,
TD Mahloele, Prof MC Mehl, Me NS Mjoli-Mncube, PJ Mouton, CA Otto, JG Solms,
JP van der Merwe
**Uitvoerend*


GREYMATTER & FINCH # 5108


www.capitecbank.co.za